

27 Maart

Skrifgedeelte: Johannes 9:13-23

Fokusgedeelte: Johannes 9:17

### Om Hom te verheerlik met jou vrymoedige getuienis

**N**ou is dit die Fariseërs se beurt om hierdie bedelaar oor sy genesing te ondervra. In hulle oë kon Jesus nie van God kom nie, want Hy het die man op die Sabbatdag genees! Die bedelaar weet klaar baie meer van Jesus. Hy is 'n profeet! Dit is die hoogste eer wat die bedelaar aan Jesus kan gee. Hoe langer die bedelaar oor Jesus getuig, hoe nader kom Hy aan die waarheid oor Jesus.

Sodra die Here 'n paar treë saam met 'n mens begin stap, vermeerder jou kennis oor Hom en ontdek jy die volle waarheid van sy genade en teenwoordigheid. Kan jy al die Here so verheerlik met jou lewe dat ander kan sien en hoor dat jy Hom waarlik ontmoet het en reeds goed leer ken het op jou pad? Waar het jy die afgelope week in 'n gesprek getoon dat jy meer van sy teenwoordigheid weet as vroeër?

*Sing: Psalm 8:4 (p. 31)*

*Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*